


Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619
**Crossroad Gospel Message NPC 2013/00234/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655**

# KRUISPAD SE BUSSIE IS HIER!

**NEWCOM FLUID MANAGEMENT (PTY) LTD**
*Registration nr: 2008/022529/07*

*Tel: 082 371 9582 / 082 700 1512*
*Email: admin@newcomfluid.co.za*

Delarey van Huysteen en Francois Oosthuizen is die direkteure van 'n baie jong opkomende maatskappy wat spesialiseer in brandstof kontrole sisteme wat besig is om die land met 'n groot impak te tref ! Alhoewel dit 'n relatief nuwe besigheid is en hulle finansieël nog in 'n groeiproses is, staan hulle vas op God se saai en maai beginsel! Hulle het by die Here gaan vra waar moet hulle saai en dit is wat God vir hulle gewys het:

***"Open 'n fondsrekening vir hierdie bussie waarin julle NEWCOM se saad moet saai. Maar ook sodat verskeie mense deel kan word van hierdie belofte. My seën sal op hierdie fonds en elkeen se saad rus."***




**Woensdagoggend 13 Februarie** maak ek my e-posse oop vir die dag soos altyd en hier is my daaglikse **CARS.co.za** se mail.... Geen bussie word geadverteer nie, maar ek ervaar hoe die Heilige Gees my lei om te klik op Mercedez Benz en die volgende oomblik verskyn hierdie bussie reg voor my oë! Sjoe! Ek besef ons busfonds is nog laaaank nie so sterk om hierdie bussie te koop nie, maar ek skakel Ford Menlyn in Pretoria wat die bus adverteer vol geloof. Die Vito het net 'n dag vantevore ingekom en is in 'n MINT kondisie! Dadelik bel ons vir Delarey van Newcom en hy bevestig dat ons moet gaan kyk en sommer 'n holding deposit neersit wat ons toe dadelik doen. Nou bid ons almal, want ons MOET in God se wil bly en nie toelaat dat ons harte met ons weghardloop nie!

Ek en Francois is die volgende oggend 14 Februarie op Pretoria toe en 11:00 stap ons by Jaco van Ford Menlyn in. Nou weet ons, Kruispad het nie al die geld nie en ons sal moet 'n huurkoop aangaan. Ons voltooi al die vorms en ek print Kruispad se beskeie bankstate uit vir die bank en nadat alles gedoen is, ry ek en Francois weg. Nou wag ons vir 'n antwoord van die bank en ons weet ons lewe in die geloof, maar **EEN DING IS VERSEKER**: **Ons werk vir die God van hemel en aarde, die Almagtige, Alleenwyse en Hy is ons betaalmeester en Hy weet wat volgende moet en gaan gebeur.** Ons het die aand oorgeslaap in Pretoria by Woord in Aksie se kampgronde (dankie Annita en Oom Jan!) en vroeg die volgende oggend het ons opgestaan en begin regmaak om terug te ry Orkney toe. Ons was stil, want Jaco het nie gebel nie, maar ons het aanvaar dat hierdie transaksie in God se hande is....Ons het net begin terug ry...**TOE BEL JACO!!!** Ons transaksie is goedgekeur, ons moet net die R90000 wat op daardie stadium in die busfonds was, oorbetaal, dan finansier Wesbank vir ons die uitstaande saldo. AMEN!!!

## R98 000 tot by die wenstreep!

**Ons dank God vir *Newcom Fluid Management* wat onderneem het om steeds dieselfde maandelikse bydrae in die busfonds te stort waaruit ons hierdie bussie kan afbetaal binne die volgende 16 maande of soos die Here wil! Dankie vir elkeen wat saam met ons die Here vertrou het! AAN GOD KOM TOE AL DIE ERE! KRUISPAD BUSFONDS: FNB 62337860177 TAKKODE: 250053**




# Vehicle Branding

Sodra ons fondse beskikbaar het, wil ons graag ons Vito bussie laat signwrite en werk tans aan 'n paar idees soos in die foto hierlangsaan. Die beraamde koste sal ongeveer R3500-R4000 beloop. Hou dus ons nuusbrief dop, ons gaan verseker vir julle wys hoe hy lyk as ons met hom klaar is!




# Grootpad...hier kom die bus!




Nou hoef ons nie meer met 2 of selfs 3 voertuie te ry as as ons 'n kamp of uitreiking gaan doen nie en dit maak alles baie meer ekonomies veral as ons kyk na die huidige diesel pryse! Ons kan ook nou begin om dorpe te besoek vir reeks dienste en konferensies en met gemak ons klanktoerusting pak en nog 'n karavaantjie boonop sleep sodat ons nie afhanklik is van peperduur verblyf nie! Ons is besig met beplanning en ons heel eerste trippie is nou Upington toe vir ons **Huweliksnaweek vanaf 3-5 Mei**!!! **Julle Upingtonners sal dan die eerste wees om Kruispad in sy volle glorie te sien op die pad!! AMEN!**



# Ons gaan sê dankie vir die Here...



Jaco het die Maandagmiddag die Vito afgelewer en die volgende oggend vroeg het ons in die pad geval om vir 3 dae te gaan afsonder en net vir God dankie te sê! Ons het padkossies en swart moerkoffie vir die pad ingepak en ons eerste stop was by Makwassie...sommer om vir die Here dankie te sê vir hierdie huisie en lappie grond en dat Sy wil sal geskied. Ons weet op die regte tyd sal alles in plek val en hierdie kampgronde die lig sien!



Baie dankie aan Oom Kennie van Deo Gloria & Pro Regno kampgronde wat vir ons dit moontlik gemaak het om daar te kom rus en God se aangesig te soek. Braam & Riana het vir ons hul karavaan geleen om in te bly so op die walle van die Vaalrivier. Verder was dit net ek en Francois en God se natuur ...O ja, en ons VITO! Awesome!

By die kamgronde het ons 'n lokaaltjie gebruik om te werk aan ons opkomende huwelikskampe en ons het soveel wysheid en insig ontvang!

## AS GOD BESLUIT OM JOU TE SEëN, WIE SAL HOM KAN KEER???

**Een ding is seker**... wees **getrou en gee** vir God **wat Hom toekom**. As jy **SAAD** in vrugbare grond het, **SAL** jy 'n **OES** kry! Hierdie is 'n beginsel van God vir die natuur en vir die geestelike realm. Wat jy saai **SAL** jy maai! Dankie ook vir elke **KONING** wat getrou in Kruispad belê, julle is deel van elke siel en wonderwerk!




**Ons het aanvanklik gevoel ons gaan nie hierdie jaar weer 'n SA GOD RALLY aanbied nie, maar die navraag was net te groot! Ons het hard gesoek na 'n geskikte plek en die Here het vir ons 'n plek aangewys 26km (6km is grondpad) buite Orkney. Dit is 'n rustige visvangoord en daar is voldoende fasiliteite sodat ons ook ons energie en aandag by ons heerlike propvol program kan bepaal!**




# Wat is die SA GOD rally?

Ons kry nog baie mense wat nie weet wat ons visie en doelwit is vir so 'n rally nie, maar dis doodeenvoudig. Daar is baie rallies regoor SA elke jaar...van biker rallies, karavaanklub rallies tot by politieke rallies, maar hier is een met 'n verskil!

**ONS BRING MENSE VAN VERSKILLENDE "WALKS OF LIFE" BYMEKAAR IN 'N ONTSPANNE ATMOSFEER, MET HOPE GESONDE PRET, OM DEUR DIT ALLES, GOD SE LIEFDE VIR ELKEEN TE BELEEF EN TE ERVAAR! AS JY LEEG DAAR AANKOM, SAL JY VOL WEGGAAN. AS JY VOL KOM, SAL JY OORLOOP!**

Ons werk daagliks met honderde mense en elke mens het 'n behoefte, 'n siel wat smag na liefde en aanvaarding. Ons roeping is **RESTORASIE, BEMAGTIGING & POSITIONERING.**

**By die SA GOD RALLY kan jy jouself gate uit geniet met al ons pret, vermaak en kompetisies, maar jy word ook bewus gemaak van Jesus se Liefde vir JOU! Jy leer Hom ken op 'n unieke wyse. Ons WYS Jesus vir JOU!**

# Wat gebeur alles hierdie jaar?



Hierdie jaar gaan ons **LIVE PRAISE & WORSHIP** sessies hê die **Vrydag- & Saterdagaand** asook 'n diens **Sondagoggend 09:00vm.** Francois gaan ook 'n kort boodskap bring waarna ons mense gaan bedien wat gebuk gaan onder siekte, finansiële krisisse, verhoudings probleme, tieners en jongmense wat issues het ens. Ons wil hê dat elke mens wat by die **SA GOD RALLY** weggaan, aangeraak sal wees deur die krag van God en met blydskap en nuwe moed die jaar wat nog voorlê sal tegemoetgaan!

# Sterkman Kompetisie

**Louis Gerber, SA Kampioen Body Builder** sal hier die voortou vat en vir ons klomp wys hoe dit gedoen moet word waarna die manne dan hulle staal sal wys! Daar gaan slegs 2 kategorieë wees:

**MANNE 18+ JONGMANNE 12-17**

Hulle gaan voertuie sleep, bande flip, met dumbells hardloop ens! Verlede jaar was dit GROOT PRET, maar ons gee hierdie afdeling vir die manne hierdie jaar, want vir die vrouens gaan ons bietjie ander afleiding aanbied...










# Miss SA GOD RALLY 2013

Ons soek inskrywings van **jong dames tussen die ouderdomme 13-17 (MISS TEEN SA GOD RALLY 2013) , 18-29 (MISS SA GOD RALLY 2013) jaar** wat graag die kroon wil dra vir 2013!
Die beoordeling sal BESLIS nie net gaan oor uiterlik skoonheid nie, maar ons kyk na elke meisie vanuit 'n geestelike oogpunt, haar persoonlikheid, naaste liefde, taalgebruik, doelwitte, lewenswaardes en 'n hele paar ander karakter eienskappe sal die beslissing gee!



# Little Miss SA GOD RALLY 2013

By hierdie kategorie soek ons **dogtertjies tussen 3-6** wat die kroon wil dra. Hulle moet ook ambassadeurtjies wees van Jesus se liefde, 'n liefdevolle karakter, goeie maniertjies en inemende persoonlikheid hê.
Die beoordeling en kroning van **Miss SA GOD RALLY** sal **Vrydagaand** wees om **08:00** direk na ons 1ste Praise & Worship sessie en ons **Little Miss SA GOD RALLY 2013** sal **Saterdagoggend 10:00** beoordeel en gekroon word.

**INSKRYWINGS KAN REEDS GEDOEN WORD! Gaan na ons webtuiste www.sagodrally.co.za om jou inskrywing te doen!**

# Waar gebeur alles??

**IJAANIE PARK VAKANSIE OORD**

Ons hekke maak **Vrydag 29/3** oop en dan is daar 'n hektoegang van **R30 pp (18+)** **Dit sluit jou badge/bumpersticker in! (Dit is slegs om ons adminkostes en reëlings te dek van die SA GOD RALLY)**

**Elke persoon bespreek sy EIE verblyf / dagbesoekers tarief by Yolandie @ 082 456 4903!!!**

Ons program sluit Sondagoggend na die diens, maar jy kan bly tot Maandag of selfs langer!!!

**Kosstalletjies** is beskikbaar vir die wat nie self kos wil maak nie!

**GEEN KROEG FASILITEITE NIE! Daar sal wel HOUT & YS te koop wees by Ijaanie Park se kiosk.**




**Besoek gerus ons webstuiste: www.sagodrally.co.za vir meer inligting of gaan na ons facebook page en like ons! SIEN JOU DAAR!!!**

# Huwelikskampe 2013




Die datums is vasgemaak alhoewel ons nog vir venues wag om te bevestig en ons spoedig die finale pryse en venues sal aankondig! Ons gee egter vir u solank die datums deur sodat julle solank jul dagboeke kan nadertrek. Hierdie gaan 'n onvergeetlike naweek wees wat jul lewens en huwelik sal verander! Ongelukkig het ons **beperkte plekke** (van die venues kan net 15 paartjies akkomodeer)



## Kalahari : 3-5 Mei

**Venue: Duin in die Weg,** 'n pragplek slegs **68km** buite **Upington.**

**Kostes : R1100** per couple (etes, luukse dubbelkamer, leerstof ingesluit)

**Kostes : R980.00** per couple (etes, kampeerterrein, leerstof ingesluit)

**Besprekings: Sharron @ 082 949 9779** of **Connie @ 071 551 8191**

**SLEGS 25 COUPLES!! - Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!**




## Koster, Noord-Wes

### 16-18 Augustus: (reeds volgeboek)

### 08-10 November : (nog plekke oop!)




**'n Winter Huweliksnaweek, weg van die stad in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit! Luukse kamers met eie badkamers, kaggelvuurtjie en lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!**

**KOSTES:** R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof)



**VENUE:** SHAMMAH GAME LODGE

**http://www.shammahgamelodge.co.za/home_page.php**

**Besprekings: Connie @ 071 551 8191**

**SLEGS 15 COUPLES!!**

**Hierdie is 'n unieke huweliknaweek wat total afwyk van die normale... Maak jou gereed vir 'n lewensveranderende paar dae!**

**NB:** Daar sal dagbesoekers tariewe vir al ons venues wees vir paartjies wat nie kan oorslaap nie.Pryse op aanvraag beskikbaar

Onderwerpe wat aangespreek gaan word....bl5




# Huweliksnaweek

**Daar is soveel wat 'n mens kan sê oor die HUWELIK of enige VERHOUDING, maar wat is GOD se wil en plan vir ons HUWELIK? Daar is soveel vrae...**

**HOEKOM** verwyt ons mekaar vir alles wat skeefloop?
**HOEKOM** skei mense na 20 of selfs 40 jaar??
**HOEKOM** loop huweliksmaats rond?
**HOEKOM** is ek kouer as die yskas?
**HOEKOM** slaan my man my?
**HOEKOM** is my vrou met niks tevrede nie?
**HOEKOM** is ek nie meer goed genoeg nie?
**HOEKOM** is sy heeltyd op haar BBM?
**HOEKOM** moet ons trou?
**HOEKOM** kry ek nie meer aandag nie?







## HOEKOM? HOEKOM? HOEKOM?




## ONS IS 'N LEWENDE GETUIENIS!



Ek en Francois is al 25 jaar getroud en miskien is van julle wat nou hier lees al baie langer getroud.

Ek en Francois het vir amper 12 jaar van ons getroude lewe mekaar letterlik verwoes! Ek dink nie ons het die verskil tussen HAAT en LIEFDE verstaan nie, want ons was nou in die bed met vuurwarm passie en die volgende oomblik was die hel los!

Ons kinders het hieronder gely, daar was derdepartye, geweld, verbale vernietiging, drank en die lys gaan aan!

Toe ons Jesus opnuut aanneem en selfs toe ons in die bediening begin staan het, was daar nogsteeds jakkalsies in ons wingerd...




Ons kon al soveel couples help deur net te getuig van ons eie lewe en God het werklik alles ten goede laat meewerk sodat ons nou met groot wysheid huwelikskampe kan aanbied en bykans enige faset kan hanteer.




Elke kamp is uniek en ons vloei saam met die Heilige Gees sodat God 'n volmaakte werk kan doen en elke paartjie verfris, vernuwe en versterk sal weggaan huistoe!
AMEN

**Ons verleentheid het God omgedraai in 'n geleentheid en Hy wil dit ook vir julle doen! Francois & René**




Dit is vir ons 'n groot voorreg om hierdie jaar se datum vir ons jaarlike **Profetiese Vrouekamp by Deo Gloria, Barkley Wes** aan ons vroue deur te gee! Ons voorbereiding het reeds begin en hierdie jaar gaan sonder uitsondering weer 'n absolute hoogtepunt wees!! Die van julle wat verlede jaar se kamp bygewoon het, sal kan getuig dat die Here GROOOOOT dinge gedoen het en elke jaar het Hy vir ons iets nuuts en vars instoor, amen!!

## 'n Paar nuwe reëlings tov ons kamp hierdie jaar:

- Besprekings kan gedoen word by **Connie @ 071 551 8191** (**enigste nr vir bespreking!!!**) of **aanlyn** op ons **webtuiste www.crossroad-ministries.co.za** of per **FAKS 086 622 5363 (skakel met Connie vir Besprekingsvorm as jy per faks wil bespreek asb)**
- Ons aanvaar **GEEN** ander besprekingsmetodes nie (facebook, e-posse, smse na ons privaat nrs toe ens) Dit maak vir ons die stelsel net baie makliker en ons vra almal se samewerking!!
- Koste sal **R320.00pp** beloop (aanpassing agv van kos en akkommodasie se stygings) **Pensionarisse (60+) = R280.00** en **Kinders: 5-12jaar = R250.00**
- **GEEN inbetalings word hierdie jaar gedoen nie.** Gelde word **by die KAMP** self betaal! Ons het slegs jou inskrywing nodig om vir jou voorbereiding te tref!
- **Bustarief: R220.00pp** Hierdie gelde word ook **by die KAMP** self betaal.
- **SLEGS BORGE** se donasies word inbetaal op ons **Crossroad Gospel Message** se rekening: **FNB 62355533540, Takkode 250053, Verwysing: Van & Selnr** **Ons bedank reeds elke borg wat hierdie kampe jaar na jaar dra tot uitbreiding van God se werk! Die getuienisse is so groot!**
- **Profetiese Danse** welkom: **Maksimum 2 Danse per groep en 1 per Solo**

# BESPREKINGS VIR 2013 AMPTELIK OOP!




# Crossroad Bikers Church Network SA & Namibia


Head Office: (018) 473 5354 info@crossroad-ministries.co.za
www.crossroad-ministries.co.za


## CBCN CHURCHES

| | | |
|---|---|---|
| NORTH WEST | PS FRANCOIS V/D BERGH | 079 498 6099 |
| WEST RAND | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| CENTRAL JHB | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| EAST RAND | PS BRETT MCDERMID | 083 258 8271 |
| PRETORIA | PS COBUS SIEBRITS | 082 435 4262 |
| VAAL TRIANGLE | PS WYNAND VIVIERS | 084 973 9601 |
| WESTERN CAPE | PS WILLIAM LAUBSCHER | 082 949 9610 |
| STELLALAND | PS JOHAN MEINTJES | 072 257 4876 |
| MARITZBURG | PS PIERRE MAREE | 082 870 0722 |
| MPUMALANGA | PS HELEEN WALKER | 079 526 4622 |
| WEST COAST, NAM | PS PIETER FOX | +264811242523 |
| SABIE | PS SEAN BUSHNEY | 072 455 6565 |
| LOWVELD, NELSPRUIT | PS HENNIE ERASMUS | 082 852 6833 |
| RICHARDS BAY | PS ALAN LAWRENCE | 082 377 9559 |
| NYLSTROOM | PS ANDRé DE BEER | 083 270 5305 |

## CBCN MINISTRIES

| | | |
|---|---|---|
| CBCN OUTREACH | PS ORF OOSTHUIZEN<br>PS SMOKEY JOUBERT | 0837524441<br>0797366719 |
| STUNTERS4CHRIST | PS WILLIE BRUWER | 082 417 5730 |

**DEDICATED LINE**

* General Enquiries
* Emergencies (Accidents/Death/Hospital)
* Councelling

**071 551 8191**

**Become part of a Godly vision!**

# CALENDAR 2013

North West Bikers Church — Run with Fire

| | | |
|---|---|---|
| JAN | 13/01 | 27/01 |
| FEB | 10/02 | 24/02 |
| MRT | 10/03 | 24/03 |
| APR | 14/04 | 28/04 |
| MAY | 12/05 | 26/05 |
| JUN | 09/06 | 23/06 |
| JUL | 14/07 | 28/07 |
| AUG | 11/08 | 25/08 |
| SEP | 08/09 | 22/09 |
| OKT | 06/10 | 20/10 |
| NOV | 03/11 | 17/11 |
| DEC | 01/12 | 15/12 |

BABY DEDICATION
NEW MEMBERS & BAPTISM

NAGMAAL
COMMUNION

**Dedicated Line**
**071 551 8191**

**Hospital/Death/Accidents
(**Members only)

General Enquiries

**CHARITY @ 074 897 3444**

Annelize Herzelman

www.nwbikerschurch.co.za
admin@nwbikerschurch.co.za

Afrikaanse Christelike TV-Kanaal

Ons **KRUISKYK** uitsendings het voorlopig gestop as gevolg van die feit dat ons tydslot **(Vrydagoggende 10:30)** vir meeste van ons Kruispad ondersteuners 'n ongepaste of ontoeganklike tydslot was. Die koste en tyd verbonde aan een uitsending is baie hoog en ons gaan kyk na ander meer ekonomiese wyses om die Evangelie aan meer mense te bring.

Ons gaan steeds voort om **boodskappe en sang op DVD's** op te neem vir verspreiding en 'n volledige lys sal binnekort op ons webtuiste **www.crossroad-ministries.co.za** verskyn. Dan kan u dit bestel en versprei aangesien ons **GEEN kopiereg** het op ons DVD's nie!

1.



**As JESUS DIE LYN trek.. Doen Hy dit vir almal.. Maar wie bly en wie gaan?**




2.

3\. **As hulle net *gewag* het en nie weggegaan het nie...sou hulle ook die BOODSKAP gekry het..!**

**Hier kom die BOODSKAP..**

**Johannes 8:11 (b) En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.**

**Nou is haar GEWETE skoon.**

Hierdie is 'n welbekende **WARE** verhaal... 'n Vrou word in owerspel betrap en **die kerk van die dag** wil haar stening!

***Jesus trek die streep...***

**"Wie van julle kan die eerste klip gooi??"**

Die **KERK** laat val hulle klippe...




**Nou HOEKOM het die BESKULDIGERS weggeloop ?**

4.



**Oor hulle ook Slegte GEWETES gehad het... net soos die vrou.**

## Hoekom het die kerk van die dag hul klippe laat val en omgedraai en weggeloop??

**5.**




**Johannes 8:9** En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul **GEWETE bestraf, een vir een** weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar **tussen hulle in** gestaan het.

**Die wonderlikste ding is om jou gewete voor God skoon te maak... Dan is jy VRY en jou beskuldigers WEG!**

**Wou jy dalk al iemand beskuldig en dan het jou eie gewete jou aangekla...???**

Sy was **VRY** maar die **BESKULDIGERS** NIE..

**Mattheus 10:22 EN JULLE SAL DEUR ALMAL GEHAAT WORD TER WILLE VAN MY NAAM.** Maar wie **volhard** tot die **einde toe**, hy **sal gered** word.

**6.**



**Johannes 8:36** As die **Seun** julle dan **vrygemaak** het, sal julle waarlik **vry** wees.

**IS JOU GEWETE SKOON EN VRY?**

---

Jou **BESKULDIGERS** weet jy is **VRY** en dit maak Hulle **KWAAD..**

**7.**




**1Petrus 3:16** met behoud van **'n goeie gewete,** sodat in die **saak** waarin **hulle** van julle **kwaad spreek** soos van kwaaddoeners, húlle beskaam mag word **wat julle goeie lewenswandel in Christus belaster.**

Jy is **VRY** daar is geen meer **BESKULDIGINGS TEEN** JOU nie...!!

**Hebreers 9:14** hoeveel te meer sal **die bloed** van **Christus,** wat Homself deur die **ewige Gees** aan **God** sonder **SMET** geoffer het, julle **GEWETE REINIG** van **dooie werke** om die lewende God te dien.

**8.**



---

**9.**

## HOE STAAN ONS VOOR GOD?




**Handelinge 24:16** Daarom **oefen** ek my ook om altyd **voor God** en die mense **'n rein gewete** te hê.

**Romeine 9:1** Ek spreek die **waarheid** in Christus, **EK LIEG NIE** my **gewete getuig saam met my** in die Heilige Gees

**Ek dink dit moet so wonderlik wees om 'n "SKOON GEWETE" te hê!**

**'n Slegte gewete is 'n OOP DEUR vir satan om VREES in te boesem en vrees dryf ons GELOOF en LIEFDE na buite.**

**Vrees maak jou aggressief, humeurig en depressief...**

**MOET NIE DAT JOU GEWETE JOU LEWE VERWOES NIE! KOM VRY!!**

Ons sien dit daagliks!

Mense oordeel, beskinder, beraam bose planne teen ander omdat hulle MINDERWAARDIG VOEL in hulself, want hul GEWETES kla hulle aan en satan misbruik dit om hulself en ander mense te probeer VERNIETIG!

Hulle HAAT dit dat jy VRY is en niks wegsteek nie!!!

10.

1Korinthiers 10:29 (b) want **waarom** word **MY vryheid GEOORDEEL** deur 'n **ander** se **gewete**?




Hulle ken GOD maar verstaan HOM nie..Hulle verstaan ook nie jou **VRYHEID** in GOD nie.




11.

1Timotheus 1:19 en aan die **geloof** en **'N GOEIE GEWETE** vashou. Sommige het dit van hulle **weggestoot** en aan die **geloof** skipbreuk gely.

1Timotheus 4:2 deur die **geveinsdheid** van **leuenaars** wat **gebrandmerk** is in hulle **EIE GEWETE**,

Sien julle wat sê God se Woord?

Geloof ly skipbreuk... En sonder GELOOF kan ons God nie behaag nie!

*"geveinsdheid"*
oftewel
*"skynheiligheid"*

So 'n persoon se gewete is gebrandmerk!

Here,
Deursoek my hart en my GEWETE.
Was my met U bloed skoon en rein sodat ek VRY kan wees van my slegte GEWETE.
Gee dat ek sal oefen om altyd die waarheid te praat om voor U en die mense 'n rein gewete te hê.
In Jesus Christus se Naam, AMEN!!

Hebreers 13:18 **Bid vir ons**, want ons is **oortuig** dat ons 'n **GOEIE GEWETE HET**, omdat ons in **alles** goed wil wandel.

12.



**KOM ONS GEE ALLES:AMEN**



**Release yourself from the thoughts, worries, and concerns that keep you earthbound. For, you must rise above all that keeps you from absolute faith in Me, says the Lord.**
**You cannot operate in the realm of faith and be in fear at the same time. Pay attention to your thoughts and make the necessary adjustments to demonstrate faith.**

***2 Corinthians 10:5 casting down arguments and every high thing that exalts itself against the knowledge of God, bringing every thought into captivity to the obedience of Christ.***

# Seëngebed!




**Vader, ons kom na U vandag deur U Seun, Jesus die Christus wat die enigste Weg, Waarheid en Lewe is.**

Ons bely vandag ons **negatiewe woorde** en bid dat U ons sal vrymaak van die **vloek** van hierdie negatiewe uitsprake wat ons oor ander en onsself **bewustelik of onbewustelik** gemaak het.

Ons besef dat U Woord ons **waarsku** dat ons die **VRUG** van ons woorde sal **EET!** Kanseleer vandag asseblief alle **newe-effekte** van hierdie woorde wat nie in U wil is nie en verander elke **vloek in 'n seën**!

Gee ons die **wysheid en insig** om **LEWE** te spreek en nie langer te fokus en te praat oor die negatiewe dinge in ons lewens nie. Ek besef hoe satan dit **teen ons gebruik** het in die verlede en ek **kies** vandag die LEWE.

**Laat my Woorde met sout besprinkel wees in Jesus se Naam! Ek wil in U perfekte wil lewe. Amen!!**

# www.crossroad-ministries.co.za

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:**

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE**
**FIRST NATIONAL BANK**
CHEQUE ACCOUNT: **62355533540**
BRANCH CODE: **250053**

Dankie vir elkeen wat gee om hierdie groot opdrag suksesvol en in uitnemendheid uit te voer!

**Stuur asb jou GEBEDSVERSOEK na ons!**

**071 551 8191**